

Huisgeloof2017#32 - 22 Oktober tot 28 Oktober - Matteus 22:15-22

15 Toe het die Fariseërs gaan besluit om Jesus met 'n vraag in 'n val te lok. 16 Hulle stuur toe van hulle volgelinge saam met 'n aantal Herodiane om vir Hom te sê: “Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek en getrou aan die waarheid die wil van God bekend maak sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie. 17 Sê vir ons wat dink u: Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal, of is dit nie?”

18 Maar Jesus het deur hulle valsheid gesien en vir hulle gesê: “Huigelaars! Waarom stel julle vir My 'n strik? 19 Wys vir My die muntstuk waarmee die belasting betaal word.” Hulle bring toe die muntstuk vir Hom, 20 en Hy vra vir hulle: “Wie se kop en naam is hierop?” 21 “Die keiser s'n,” antwoord hulle. Jesus sê vir hulle: “Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.” 22 Toe hulle dit hoor, was hulle verbaas en het hulle Hom met rus gelaat en weggegaan.

Die keiser: Elke muntstuk in Jesus se wêreld het vertel dat die Keiser [ceasar] die seun van God is. Teen hierdie agtergrond moet ons Jesus se lewe en bediening verstaan. Met die destydse muntstukke wat daardie boodskap verkondig het (en vandag is daar ander plaasvervangers wat ook soortgelyke boodskappe verkondig), wil Jesus ons vandag leer om betekenisvol te lewe deur aan God te gee wat aan Hom behoort (vers 21).

Skuldig : Toe Jesus vir die Fariseërs en Herodiane vra om hom 'n muntstuk te wys en hulle 'n Romeinse muntstuk met 'n beeld van die keiser daarop, uit hulle sak haal, het hulle gewys hoe skuldig hulle is. Net deur die beeld van 'n heidense god in hulle sak rond te dra, het hulle hulself skuldig gemaak aan afgodery volgens die Jode se wette. Eintlik het Jesus toe reeds gewen. Hulle het met die besit van die muntstuk in hulle sakke die eerste en tweede gebod van die tien gebooe verbreek, die gebooe waarop hulle so geroem het hulle uit leef. Op die punt kon Jesus as oorwinnaar weggeloop het, maar dit doen Hy nie, verseker nie, want hy wil mense se lewe betekenisvol verander.

Geregtheid aan God: Augustinus, die kerkvader, lewer die volgende kommentaar oor vandag se teksgedeelte en fokus veral op: wat is die punt van Jesus se woorde ‘gee aan God wat aan God behoort?’ Augustinus dring daarop aan dat as ons waarlik slaag om te gee aan God wat aan hom behoort, dan doen ons soos hy dit in sy eie woorde stel ‘geregtheid aan God’. ‘Ons doen geregtheid aan God’ is 'n vreemde frase, nê? Wat kan dit beteken? Dit beteken om aan God alles terug te gee wat Hy so oorvloedig vir ons gee. Omdat Hy nommer een in ons lewe is en ons 100% *committed* vir Hom wil leef, wil ons graag lewe soos Hy vir ons sê!

GEE GEE GEE > Hendrik Ibsen skryf “Geld mag dalk die dop van baie dinge wees, maar nooit die kern nie. Dit bring kos aan, maar nie aptyt nie, medisyne, maar nie gesondheid nie, kennis, maar nie vriende nie, diensknegte, maar nie lojaliteit nie, dae van plesier, maar nie vrede of vreugde nie.”

Die beginsel en praktyk van gee kan jy alleenlik beoefen as jy besef dat alles wat jy het, God s'n is. Daarom behoort jy aan God te gee wat aan Hom behoort! En dit is alles... Dit word die beste gesien in die praktyk van die liefde. Of soos iemand dit gestel het: “One of the hardest things for us to “get” is the fact that Jesus is not someone we carry around inside us, or someone who hovers around our shoulders whispering in our ears. Jesus is in the face of someone in need. Jesus is in the hands of someone hurting. Jesus is in the feet of someone who cannot take one step further without our help. That’s where Jesus is. Get it?” (Anoniem)

DINK weer oor die sin van die lewe: Jesus wou mense wakker maak tot die moontlikheid dat daar baie meer vir hulle beskikbaar is – meer liefde, meer vreugde, meer krag deur net 'n regte verhouding met God te staan. Daarom is dit goed om dit te onthou dat ‘gee aan God wat aan God behoort’ is 'n radikale mandaat/oproep vir 'n her-geëvalueerde lewe en 'n hernude skepping.